Privaat hospitaal groep
Toegewy aan Gehaltesorg

# MEDI-CLINIC KORPORASIE BEPERK

Reg. No. 1983/010725/06 Aandeelkode: MDC ISIN-kode: ZAE000004370
("Medi-Clinic" – Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)

## TUSSENTYDSE VERSLAG

Ongeouditeerde resultate van Medi-Clinic Korporasie Beperk en sy filiale vir die ses maande geëindig 30 September 2004

## HOOFTREKKE

- **Groei in hospitaalomset: .......... 13%**
- **Wesensverdienste per aandeel groei: .......... 12%**
- **Verdeling per aandeel styg: .......... 12%**

### GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

| | **6 maande tot 30/09/2004 R'000** | Styging % | 6 maande tot 30/09/2003 R'000 | Jaar tot 31/03/2004 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| **Inkomste** | **2 002 263** | 13 | 1 779 005 | 3 642 763 |
| Koste van verkope | **(1 124 189)** | | (1 011 498) | (2 046 544) |
| Administrasie- en ander bedryfskoste | **(475 091)** | | (420 511) | (873 791) |
| **Bedryfsinkomste** | **402 983** | 16 | 346 996 | 722 428 |
| Dividend ontvang | **821** | | – | – |
| Rente ontvang | **26 944** | | 24 344 | 45 618 |
| Inkomste vanaf geassosieerdes | **12 567** | | 8 298 | 17 331 |
| Wins met verkoop van toerusting | **768** | | 293 | 514 |
| Klandisiewaarde waardedaling/amortisasie | **(2 410)** | | (1 816) | (2 969) |
| Waardevermindering | **(53 034)** | | (47 459) | (101 018) |
| Finansieringskoste | **(15 141)** | | (14 853) | (31 349) |
| Netto inkomste voor belasting | **373 498** | | 315 803 | 650 555 |
| Belasting | **102 693** | | 85 746 | 174 008 |
| Netto inkomste na belasting | **270 805** | | 230 057 | 476 547 |
| Minderheidsbelange | **32 963** | | 18 027 | 37 507 |
| Toeskryfbare verdienste | **237 842** | | 212 030 | 439 040 |
| **Wesensverdienste-rekonsiliasie:** | | | | |
| Toeskryfbare verdienste | **237 842** | | 212 030 | 439 040 |
| Klandisiewaarde waardedaling/amortisasie | **2 410** | | 1 816 | 2 969 |
| Wins met verkoop van toerusting | **(768)** | | (293) | (514) |
| Toeskryfbare wesensverdienste | **239 484** | 12 | 213 553 | 441 495 |
| **Wesensverdienste per gewone aandeel – sent** | **70,1** | 12 | 62,7 | 129,5 |
| Verdienste per gewone aandeel – sent | **69,6** | | 62,3 | 128,8 |
| Kapitaalverdeling per gewone aandeel – sent | | | | |
| Tussentyds | **13,3** | 12 | 11,9 | 11,9 |
| Finaal | **–** | | – | 28,1 |
| | **13,3** | | 11,9 | 40,0 |

### GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

| | **30/09/2004 R'000** | 30/09/2003 R'000 | 31/03/2004 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Bates** | | | |
| Nie-bedryfsbates | **2 154 046** | 1 953 686 | 2 078 923 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **1 914 216** | 1 750 602 | 1 846 126 |
| Ontasbare bates | **47 449** | 36 212 | 47 874 |
| Beleggings – ongenoteerd | **107 105** | 94 849 | 102 631 |
| Uitgestelde belasting | **85 276** | 72 023 | 82 292 |
| Bedryfsbates | **1 207 768** | 955 195 | 1 134 151 |
| Voorraad | **137 579** | 140 876 | 137 846 |
| Debiteure en vooruitbetalings | **481 284** | 503 707 | 545 237 |
| Kontantmiddele | **588 905** | 310 612 | 451 068 |
| Totale bates | **3 361 814** | 2 908 881 | 3 213 074 |
| **Ekwiteit en aanspreeklikhede** | | | |
| Aandelekapitaal en reserwes | **2 389 512** | 2 051 402 | 2 242 033 |
| Minderheidsbelange | **209 397** | 174 460 | 199 522 |
| Langtermyn rentedraende skuld | **174 482** | 155 603 | 167 803 |
| Korttermyn rentedraende skuld | **63 922** | 82 064 | 74 317 |
| Rentevrye skuld en voorsienings | **524 501** | 445 352 | 529 399 |
| Totale ekwiteit en aanspreeklikhede | **3 361 814** | 2 908 881 | 3 213 074 |
| Aantal gewone aandele ('000) | **342 646** | 341 053 | 341 715 |
| Geweegde aantal gewone aandele ('000) | **341 834** | 340 496 | 340 840 |
| Netto batewaarde per gewone aandeel – sent | **697** | 601 | 656 |
| Direkteurswaardasie van ongenoteerde beleggings | **152 479** | 132 595 | 144 844 |

### STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

| | **30/09/2004 R'000** | 30/09/2003 R'000 | 31/03/2004 R'000 |
|---|---|---|---|
| Openingsaldo | **2 242 033** | 1 917 276 | 1 917 276 |
| Verdeel aan aandeelhouers | **(96 022)** | (79 256) | (119 841) |
| Netto inkomste vir die tydperk | **237 842** | 212 030 | 439 040 |
| Beweging in aandele gehou in tesourie | **5 659** | 1 352 | 5 558 |
| | **2 389 512** | 2 051 402 | 2 242 033 |

### GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

| | **30/09/2004 R'000** | 30/09/2003 R'000 | 31/03/2004 R'000 |
|---|---|---|---|
| Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite | **255 431** | 202 567 | 484 802 |
| Kontant deur bedrywighede voortgebring | **493 636** | 423 579 | 818 903 |
| Netto finansieringsinkomste | **11 803** | 9 491 | 14 269 |
| Belasting betaal | **(132 598)** | (130 416) | (196 543) |
| Kontantverdelings aan minderhede | **(21 388)** | (20 831) | (31 986) |
| Kapitaalverdelings aan aandeelhouers | **(96 022)** | (79 256) | (119 841) |
| Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite | **(100 773)** | (179 403) | (324 943) |
| Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite | **(16 821)** | 60 318 | 64 079 |
| Netto beweging in kontantmiddele | **137 837** | 83 482 | 223 938 |
| Openingsaldo van kontantmiddele | **451 068** | 227 130 | 227 130 |
| Eindsaldo van kontantmiddele | **588 905** | 310 612 | 451 068 |

### KOMMENTAAR

Dit is aangenaam om verslag te doen dat die groep sy patroon van bestendige groei voortgesit het.

**Finansiële Oorsig**

Omset, wat uitsluitlik bestaan uit hospitaalgelde gehef, het gedurende die ses maande onder oorsig met 13% tot R2 002 miljoen (2003: R1 779 miljoen) gegroei, terwyl bedryfsinkomste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie (EBITDA) met 16% tot R403 miljoen (2003: R347 miljoen) toegeneem het. Wesensverdienste het met 12% gestyg tot R239 miljoen (2003: R214 miljoen), terwyl die wesensverdienste per gewone aandeel met 12% verhoog het tot 70,1 sent (2003: 62,7 sent). Die tussentydse kapitaaluitkering per gewone aandeel van 13,3 sent (2003: 11,9 sent) verteenwoordig 'n styging van 12%.

**Bedryfsoorsig**

Die verhoging in bedkapasiteit met ongeveer 500 beddens na ongeveer 6 200 beddens, as gevolg van die in gebruik stel en verkryging van nuwe hospitale, soos voorheen gerapporteer, moet in ag geneem word wanneer die resultate vergelyk word. Die huidige oorsigperiode se resultate is gevolglik nie direk vergelykbaar met die resultate van dié periode in die vorige jaar nie. Met uitsluiting van die verhoging in kapasiteit, het die groep se omset met 9% verhoog.

Die groep se EBITDA marge het toegeneem van 19,5% tot 20,1% hoofsaaklik as gevolg van die voordele voortspruitend uit die integrasie en ommekeer van die Curamed Groep in Pretoria. Ons is verheug om te rapporteer dat die planne en aksies om die aantreklikheid en winsgewendheid van die Pretoria stadshospitale te herstel goeie vordering toon en dat verskeie nuwe geneeshere reeds hul praktyke by dié hospitale gevestig het. Ons bemagtigingsvennote in Curamed bly steeds 'n belangrike rol in die ommekeer van Curamed speel. Die verhoogde bedrag van R33 miljoen (2003: R18 miljoen) wat aan minderheidsbelange toeskryfbaar is, is hoofsaaklik aan die verbeterde prestasie van die Curamed Groep toe te skryf.

Op 'n vergelykbare basis het toelatings en beddae verkoop matig toegeneem en 'n gunstige pasiëntmengsel-verandering is teenoor die vorige oorsigperiode ervaar.

Gesonde kontantvloei is gedurende die tydperk onder oorsig gehandhaaf, hoofsaaklik as gevolg van meer doelgerigte bedryfskapitaalbestuur. Die groep het 123% (2003: 122%) van sy EBITDA omskep in kontant uit bedrywighede voortgebring. Kontantmiddele het verhoog van R451 miljoen op 31 Maart 2004 tot R589 miljoen, na die finansiering van kapitaalbesteding. Rentedraende skuld het van R242 miljoen op 31 Maart 2004 tot R238 miljoen afgeneem, wat tot 'n versterking in die skuldverhouding van 10% tot 9% gelei het. Die groep se gesonde kontantvloei beklemtoon die gehalte van sy verdienste.

Kapitaalbesteding vir die oorsigperiode beloop R98 miljoen (2003: R188 miljoen). Kapitaalverpligtinge (insluitende bedrae goedgekeur maar nog nie uitgekontrakteer nie) beloop R354 miljoen (2003: R339 miljoen).

**Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB)**

Die groep se heelhartige ondersteuning van SEB in Suid-Afrika is deurlopend gestel. Met hierdie doel voor oë het die groep 'n transaksie om betekenisvolle en volwaardige Swart Ekonomiese Bemagtiging in die bedryf te bewerkstellig in November 2003 voorgestel, deur die fasilitering van Bidco se verkryging van Afrox Healthcare teen 'n bedrag van R3,1 miljard. Bidco word beheer deur 'n SEB-konsortium onder die leiding van Brimstone en Mvelaphanda Strategic Investments. Die Mededingingskommissie het die voorwaardelike goedkeuring van die transaksie by die Mededingingstribunaal aanbeveel. Die Tribunaal se beslissing word teen einde Maart 2005 verwag.

In die lig van nuwe moontlikhede sedert die aankondiging van die voorgenome transaksie, het Medi-Clinic 'n oplossing voorgestel om 'n bevredigende uitkoms van die Bidco transaksie vir al die relevante partye te fasiliteer. 'n Aankondiging sal gemaak word sodra finale ooreenkoms en nakoming van die betrokke regulatoriese prosesse bereik is. 'n Verdere omsigtigheidsaankondiging aangaande die voorgenome Bidco transaksie is op 11 Oktober 2004 aan aandeelhouers uitgereik en is steeds van krag.

Phodiso Holdings was suksesvol in die verkryging van Mvelaphanda Strategic Investments se belang in die Curamed Groep na aanleiding van 'n aanbeveling deur die Mededingingskommissie in hierdie verband. Die transaksie word tans gefinaliseer. Ons verwelkom Phodiso en is optimisties oor hul voortgesette positiewe bydrae.

Verdere gesprekvoering om die beginsels van breë-basis SEB binne Medi-Clinic te versterk vind tans plaas.

Medi-Clinic ondersteun die formulering van 'n Gesondheidsorg-handves en werk aktief saam met die Private Gesondheidsorg Forum om die handves te vestig.

**Bekostigbaarheid Van Gesondheidsorg**

Bekostigbaarheid bly 'n kritiese aangeleentheid in die gesondheidsorgbedryf.

Die groep ondersteun die Departement van Gesondheid in hul pogings om die prys van gewone en geskeduleerde medisyne meer deursigtig te maak. Soos na verwys in vorige verslae, het die groep sedert Januarie 2003, byna 18 maande voor die nuwe farmaseutiese prysregulasies in werking getree het, 'n totale deursigtige prysstelsel met Discovery Health in plek gehad. Die omvang hiervan was nie beperk tot etiese medisyne nie, maar het ook chirurgiese verbruiksgoedere ingesluit, wat die grootste deel van 'n deursnee privaat hospitaalrekening vorm. Dit het die groep in staat gestel om op farmaseutiese produkte as 'n koste-sentrumte fokus en nie as 'n bydraer van inkomste nie. Dit sal aansienlike besparings vir mediese skemas in die langer termyn bewerkstellig en word as voordelig vir die groep beskou, aangesien dit die bekostigbaarheid van gesondheidsorg verbeter. Hierdie deursigtige prysstelsel is aan alle mediese skemas gedurende onderhandelinge aangebied en deur byna almal aanvaar.

### VOORUITSIGTE

Die groep het 'n geskiedenis van bestendige groei gebaseer op die voldoening aan die mark se behoeftes. Die groep hou vol met beter benutting en uitbreiding van fasiliteite en dienste in sy kernvaardighede, veral in akute sorg, terwyl deurlopende verbeterings in doeltreffendheid steeds die bedryfsmarge verbeter. Verder word die regering se inisiatiewe wat daarop gemik is om die lidmaatskap van mediese skemas te vergroot met belangstelling dopgehou. Dit behoort 'n positiewe impak op groei in die industrie oor die langer termyn te hê.

Die groep se strategie vir groei geniet voortdurend aandag. Die groeipotensiaal voortspruitend uit die onlangse verslapping van sekere valuta beheer maatreëls word verwelkom.

Uitbreidings by Durbanville Medi-Clinic en Pietermaritzburg Medi-Clinic, sowel as grootskaalse opgraderings by Morningside Medi-Clinic, Sandton Medi-Clinic en Worcester Medi-Clinic is aan die gang. 'n Projek by Nelspruit Medi-Clinic bestaande uit addisionele spreekkamers en die opgradering van die oorspronklike hospitaal is goedgekeur en sal binnekort 'n aanvang neem.

Die onlangse afwaartse druk op die inflasie van farmaseutiese pryse sal na verwagting voortduur. Die groep bly optimisties oor sy vooruitsigte vir die volgende ses maande, gegewe dat heersende handelstoestande voortduur. Ons bestendige resultate, sterk balansstaat en ervare bestuurspan maak die groep aantreklik vir potensiële vennote om nuwe geleenthede binne ons kernvaardighede te ondersoek.

### REKENINGKUNDIGE BELEID

Die tussentydse resultate is opgestel ooreenkomstig Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk, die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet en die Noteringsvereistes van die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika. Die rekeningkundige beleid toegepas, stem ooreen met dié van vorige finansiële tydperke, behalwe vir die implementering van die Suid-Afrikaanse Standpunt van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk, RE 140: Besigheidsamevoegings, wat nou toegepas is.

### KAPITAALUITKERING AAN AANDEELHOUERS

Die raad van direkteure het 'n kapitaalverdeling van 13,3 sent per gewone aandeel verklaar, wat uit die aandelepremie betaalbaar is.

Die volgende datums is ooreenkomstig STRATE se vereistes bepaal:

| | |
|---|---|
| Laaste datum van verhandeling cum kapitaalverdeling | Friday, 3 December 2004 |
| Eerste datum van verhandeling ex kapitaalverdeling | Monday, 6 December 2004 |
| Rekorddatum | Friday, 10 December 2004 |
| Betaaldatum | Monday, 13 December 2004 |

Aandeelsertifikate mag nie van Maandag, 6 Desember 2004 tot Vrydag, 10 Desember 2004, albei dae ingesluit, gedematerialiseer/gerematerialiseer word nie.

Geteken namens die raad van direkteure

**E DE LA H HERTZOG**
*Voorsitter*

**LJ ALBERTS**
*Besturende Direkteur*

Stellenbosch, 11 November 2004

**DIREKTEURE:** E de la H Hertzog (Voorsitter), L J Alberts (Besturend), W E Bührmann, W P Esterhuyse, S D Hlongwane, J du T Marais, A R Martin, D P Meintjes, P J A Mphafudi, A A Raath, J G Swiegers, C I Tingle, W L van der Merwe
**SEKRETARIS:** G C Hattingh **GEREGISTREERDE ADRES:** Medi-Clinic Kantore, Strandweg, Stellenbosch 7600, Posbus 456, Stellenbosch 7599, Faks (021) 886-4037, Tel (021) 809-6500
**INTERNET:** http://www.mediclinic.co.za **E-POS:** medimail@mediclinic.co.za **BORG:** Rand Aksepbank, 'n divisie van FirstRand Bank Beperk, Korporatiewe Finansiering
**OORDRAGSEKRETARISSE:** Computershare Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001, Posbus 61051, Marshalltown 2107, Faks (011) 688-7716, Tel (011) 370-7700